

§ 9 — WAAROM NIE KUNS GELEWER NIE?

Grotendeels is hierdie vraag in die vorige artikels reeds bespreek en bly nog hier en daar verduideliking nodig. Dit kan beweer word, dat die eenvoudigste letterkundige artiekeltjie kuns kan bevat. Niemand kan dit betwis nie. Nou vra die beoordelaars in ons tyd — 50 jare daarna — waarom die eerste skrywers dit nie gedoen het nie. Sonder om apologies te maak kan die eerste skrywers daardie paar beoordelaars vol in die gesig kyk en antwoord:

»Die taalgeleerdes, wat 'n kunsopleiding gehad het, het Afrikaans uitgeskel vir 'n Hotnotstaal — 'n kombuistaal — en nie werd om 'n skryftaal van te maak nie. Gevolglik het hulle in die kombuistaal geen kuns kon sien nie. Die eerste skrywers moes hulle glo, want hulle het die voorreg van 'n kunsopleiding misgeloop. Die taalpioniers, in die heftige stryd, skenk toe hul aandag aan 'n eie kultuur om dit volgens die volksaard te ontwikkel. Hiervoor was die beoordelaars met al hul geleerdheid blind en handel nes die wolf met die lam en soek die fout op die verkeerde plek.«

Hoeveel onderwysinrigtings was destyds in Suid-Afrika waar iemand hoër onderwys kon ontvang het? Met die slegte toestande van daardie dae, hoeveel kon ver van ouershuis gaan studeer het? Die weinige wat toe matriek gepasseer het, was groter in tel as diegene wat vandag met 'n dokterstietel uit Europa terugkom. En selfs die geringe getal wat matrikulasie afgelê het, het nie te veel van kunswaarde van 'n letterkundige stuk verstaan nie. »Ja maar,« so word

beweer »'n kunstenaar word gebore.« Dit is so! Volkome reg! Maar watter groot woord- of ander kunstenaar het daar geleef, of leef nog, wat nie 'n tegniese opleiding vooraf geniet het nie? Waarom dan moet die eerste skrywers juis kuns gelever het as hul die vereiste tegniese onderrig daarvoor nie kon verkry nie?

Meet elke artikel met sy geykte maat. In plaas van steun te verleen was gewillige kragte verlam en hard word probeer om alle bestaande moed te ontnem. Sulke afbrekers het tog nie geslaag nie, maar die skrywers wel. Wie verdien nou opregte dankbaarheid?

Die groot fout, waar ons beoordelaars totnogtoe oor struikel, is om ons skrywers met die van Europa te vergelyk. Maar hulle verloor een streek uit die oog: —

Dat die Hollandssprekende bevolking van Suid-Afrika nog geen miljoen tel nie, terwyl Europa 276 miljoen inwoners tel;

Dat Afrikaans as skryftaal maar 50 jaar oud is, terwyl die Europese tale honderde jare reeds 'n skryfvorm besit;

Dat ons pas Uniwersiteite gekry het, terwyl Europa vir eeue daarmee bevoorreg is;

Dat Europa vir eeue in besit is van groot boekerye, terwyl Suid-Afrika totnog oor so 'n groot versameling van breinwerk nie kan spog nie;

Dat al ons geleerdes tot nou toe na Europa en Amerika moet gaan om daar hul dokterstietels te gaan haal;

Dat met alles voor ons — veronderstel dat ons dieselfde kanse sou hê as Europa — as Europa elke jaar 'n groot man lewer en ons maar elke 300 jaar, dan staan ons, wat getalsterkte betref, net gelyk.

Solank het die beoordelaars nie tyd om te wag nie! Hulle verwag dat by ons alles soos 'n vuurslag moet gaan.

Selfs die Engelssprekendes van Suid-Afrika — die studente veral — maak daarvan 'n verwyd dat ons nog nie sulke groot kunstenaars as Engeland gelewer het nie. Hoe omtrent hulle, die Engelssprekendes? Wat het hulle vir ons in die Engelse taal gelewer? Ons sê: »Dit is meer 'n skande vir hulle as Afrikaners om Engelse letterkunde uit Europa in te voer, waar is dan die beroemde Engelse werke wat *hier* geskrywe is? Ons skryf ons Afrikaanse letterkunde hier, die Engelse letterkunde word in Brittanje geskrywe — bedoel word ook wat vir eksamens voorgeskrywe word.

Met dit alles voor ons, dring verskillende vrae by ons op: —

Watter lektuur word die meeste geles? Die antwoord is: koerante. Maar koerante streef om voorligting te verskaf en stel nie juis kuns as mikpunt nie. Die antwoord is verder: ook uitlandse tydskrifte. Ondersoek die gehalte van hul inhoud en die leser kom tot sy eie konklusie dat daar maar min ware kuns in skuil. Aan ligte verhale word die voorkeur gegee.

Hoeveel uit 1,000 mense koop 'n digbundel om daar genot in te soek? Met ander woorde: sou digbundels net so flink verkoop as hulle nie vir onderwys nodig is nie?

Hoeveel van 'n bevolking waardeer kuns? Vergelyk die getalle van toehoorders in 'n »volgepakte saal« met die hele bevolking van die stad of dorp; en oordeel self. Is daar nie meer in bioskoopsale en

sirkustente nie? Hierop sal geantwoord word: dis omdat toegangkaartjies na bioskope en komedies goedkoper is. Maar waarom is die kaartjies goedkoper? En die antwoord volg: omdat daar meer mense na toe gaan as na kunssale.

Reg of verkeerd, dit is die feite en bestaande toestand. Ontneem dit aan die publiek, wat sal die gevolge wees? Sal dit hulle beter of slegter maak? Sal dit kuns bevorder?

Laat ons luister na wat 'n student aan een van ons groot opvoedingsinrigtings aan my geskryf het: —

»Publieke smaak is iets van sy eie en laat hom nie dwing nie. Gedigte soos *Sannie haar Stewels*, *Klaas Geswint* en *Van George na Mosselbaai* het ons volk se eiendom geword, en hulle vind dit baie mooier as, en lag hartlik daaroor. Smaak laat hom nie altyd verklaar nie. Dit het ek opgemerk toe professor Lauwerys 'n tydjie gelede hier 'n voorlesing-konsert gehad het. 'n Hele paar van die gehoor het uitgestap lank voor die end — ander kon niks geniet nie en het onbehoorlik gesit en lag. Die volgende dag het, wel ek weet nie hoeveel nie, my gestorm en was verwonder dat ek daardie voordrag geniet het. Die een sê: »Ag, het ek maar liewers vir my lekkergoed gekoop vir daardie twee sielings.« Die ander een wou maar liewers bioskoop-toe gegaan het, want hulle het daar juis so 'n pragtige *Love Story* gewys en nog meer sulke onsin. U moet verstom staan as u hoor dat sommige van hulle matriek-studente is. Hulle geniet Danie Smal, ons Afrikaanse kunstenaar,

baie meer en prys hom veel meer as vir professor Lauwerys. Hy word so geprys dat hy net hoogmoedig kan word as hy dit sou hoor.«

Lê hiernaas die koerantverslag waarvan afgelei kan word dat *almal* die voordrag so geniet het dat jy 'n muis oor die vloer kon hoor loop het. En hoeveel was daar wat nie so ongeleerd of onopgevoed wou lyk nie wat, om nie uit die mode te wees nie, verklaar het dat hulle dit ook o, so baie geniet het? Wel seker was daar baie persone wat die voordrag ten volle geniet en gewaardeer het, maar wat is hulle getalverhouding tot die massa van daardie stad?

Daarom was dit die strewe van die Genootskap om dié wat aan sulke voordragte geen behae vind nie, die wat liewers na die bioskoop en komedie wou gaan, of liewers vir die twee sielings lekkers wou koop, met leesstof te bereik waaraan hulle iets het. Heeltemal sonder lees bly iemand tog nie — net hy moet die hand daarop kan lê en wel op iets wat sy weetgierigheid sal bevredig.

Om aan die eerste skrywers te vra, waarom hulle uit staande voet nie kuns gelewer het nie, sou gelyk staan om aan die ou Voortrekkers te vra, waarom hulle uit die staanspoor nie mooier en geriefliker woonhuise gebou het nie. In albei gevalle was die stryd vir verowering te heftig en die afloop te onseker om kragte te verdeel.

Dit sou dwaas van die Genootskap gewees het om die onbevoorregtes uit die begin op romans of lang verhale te trakteer; wat dié mense nodig gehad het, was leesstof van kultuurwaarde. Laat ons hieromtrent die leier van die Genootskap aan die woord

bring waar hy die beginsel onbewus verkondig (Sien *Ons Klyntjie*, Januarie 1902, bladsy 5) alwaar ds. du Toit, die redakteur, as volg skryf: —

»Tot ons innige blydschap find ons weer 'n paar stukke uit die pen fan die waardige 82-jarige oue fader, meneer M. H. wat ons uit di »Graaff-Reinetter« met genoeg o'erneem, en wel in di hoop dat dit di lesers ¶fan *Ons Klyntji* sal interesseer, en feral di jeugdige lesers wat in fele opsigte *deur di menigte boeke vol ferdigte ferhale, waar niks van waar is nie, fan di waarhyd aftrek en ferfoer word in 'n doolhof fan sinbedrog, sonder enige nut fer siil of liggaam.* Dog hiir het ons op nuw 'n mededeling uit di pen fan iemand wat nog leef, *gegrond op suiwer waarhyd ter nuttige herinnering an di oue tyd*«

¹ Maar dit sê nog nie dat die Genootskap teen romans van goeie sedelike atmosfeer was nie; maar hulle was oortuig dat lektuur, wat te uitgerak is, die swak lesers sal afskrik. Dan weet ek van mense wat koerante en tydskrifte met elke pos ontvang, maar wat bepaald teë is om enige verdigte verhaal te lees. Hulle lê dit eenvoudig opsy en voeg daarby: »Ek lees nie die leuens van ander nie.« Naas hom sit sy vrou en lees in haar tydskrif *net* die gedeeltes wat informasie en *waarheid* bevat. Natuurlik is dit nie die geval met almal nie — maar wees verseker: in die ou dae was daar baie van hulle wat van verdigsels niks wou hoor nie, want »dit bring die mense op die verkeerde spoor«.

En daar die skrywers die styl gevolg het van »soos

ons praat« spreek dit vanself, dat kuns min ruimte in hul bydraes beslaan het.

Die strewe van die Genootskap was, om lektuur te lewer wat die minder bevoorregtes, deur hul eie wyse van uitdrukking, beter kon begryp en vat as geskifte met kuns opgeskik.

Was kuns by die ou garde van minder belang, dan moet erken word, dat hulle die suiwer Afrikaanse idioom baie doeltreffender as tans aangewend het. Het iemand hom destyds met 'n Hollandse idioom bedien — wat in ons tyd maar te dikwels die geval is — dan het sy medewerkers dadelik opgemerk:

»Dis Hollands, en nie Afrikaans nie! Só sê ons in Afrikaans.«

Dit was dus die Genootskap se doel om Afrikaans suiwer op die grondslae van die spreektaal te ontwikkel; was hierdie fondament nie so deeglik deur hulle gelê nie, dan, met die hedendaagse neiging, bestaan daar geen twyfel dat die skryftaal baie van die teenswoordige styl sou verskil het. Niks het hulle by halfies gedoen nie. Aan die lede en ander is opgedra om lyste van egte Afrikaanse uitdrukkings en woorde same te stel, die meeste van die woorde is vir die *Afrikaanse Woordeboek* van die Genootskap gebruik. Êrens het Prof. J. J. Smith daarop gewys:

»Dat baanbrekerswerk altyd aan allerhande gebreke mank gaan, en dat dit onmoontlik so afgerond en volmaak kan wees as die prestasies van later knappe en geskoolde volgelinge vol selfvertroue en vaste kennis. Dit is nou eenmaal so: Die voortrekkers na 'n nuwe land het nie 'n gebaande pad om op te reis nie en moet

dikwels ongemaklik rondval en spartel; die gebaande pad kom eers veel later — wanneer die ontdekte streke ontwikkel en bewerk is. Baanbrekerswerk is meestal moeilike werk; en as dit beoordeel word, dan moet daar wel deeglik rekening gehou word met die tyd waarin, en die omstandighede waaronder, dit ontstaan het. Hierdie billike beginsel word nie altyd deur ons Afrikaanse Krietisie genoegsaam op die voorgrond gestel nie — en die gevolg is nie alleen dat hulle kritiek eensydig word nie, maar ook dat hulle onnodig aanstoot gee....«

Hiermee sal elke taalgeleerde akkoord gaan. Laat ons feite tog as feite beskou, en bespieëlinge vir wat hul werd is; een ding staan vas: as iemand nie so ver opgelei is om kuns te *kan* waardeer nie, of geen *kunssin* besit nie, is dit baie onbillik van die beoordeelaar om van die leser te eis, dat hy dit *moet* waardeer — altyd met die gedagte gerig op die vraag: »Wat het die duisende van ons volk meer nodig, kultuur- of kunsopleiding?« Bedoel word: die duisende en duisende seuns en dogters wat die skool verlaat vóór of met Standaard VI en die ouer geslag wat soveel tyd aan onderwys nie kon bestee en bekostig nie? Is dit dan nog 'n wonder, dat Dr. D. J. Malan, minister van Onderwys ons vertel dat 80 persent van die bevolking nie lees nie?

§ 10 — DIE TAAL VAN DIE GENOOTSKAP.

Net soos met die Twede Afrikaanse Taalbeweging het die taal van die Genootskap geleidelik 'n aanmerklike verandering ondergaan. Dit is heel lig te begryp! Want die lede het in die begin geen leidraad gehad om te volg nie, hulle self was nuwelinge en onervare skrywers wat toe nog maar te vas was aan die Hollandse spelling en skryfwyse — soos maar te duidelik blyk uit die notule van die voorlopige vergadering gehou aan die woonhuis van Gideon Malherbe. Dit begin so: —

»Notule van een voorlopige vergadering van Afrikaanders gehouden in die Paarl op die 14 Augustus 1875.

Meneer C. P. Hoogenhout wort voorlopig ver voorsitter van die vergadering gekies.

Meneer A. Ahrbeck wort voorlopig ver sekretaris en S. G. du Toit ver sub-sekretaris gekies.

Meneer A. Ahrbeck stel voor om die naam en reëls van die Genootskap deur een Commissie te laat opstel en by een vollende vergadering laat voorlê. Gesekondeer deur D. J. du Toit, D. P.sn. Algemeen aangenomen.«

Na die stigting van die Genootskap in Augustus was die liggaam meestal met organisasiewerk besig; en vreemd genoeg was die onderlinge briefwisseling — ook net soos in die begin van die Twede Taalbeweging — meestal in die Nederlandse taal gevoer. Vir onderlinge korrespondensie het dit 'n baie lang

tyd vir die Afrikaner geneem om hom van sy eie taal te bedien. Wat die taal van die Genootskap betref het dit steeds verbeter; en vier maande na die stigting van daardie liggaam — naamlik met die verskyning van hul orgaan, *Die Afrikaanse Patriot*, op die 15 Januarie 1876, kom die blad met suiwerder Afrikaans voor die dag; daarin lees ons: —

»Een Afrikaanse koerant! Wie het dit ooit gedroom! Ja Afrikaanders! een koerant in ons ei'e taal! Dit het baie moeite gekos om so ver te kom; dit kan ek julle verseker, want die meeste Afrikaanders is nes steekse pêrde; hulle wil mos nie glo dat ons een ei'e taal het nie. Die ou'e Patriotte hou vas, en klou vas an die Hollandse taal; die jong mense vind die *Engelse* taal weer so danig mooi, en o'ertui'e gaat net so moeilik, as om steekse pêrde te laat pronk in die voortuig. Ons wil nou met ons Patriot »an die wereld wys, dat ons wel de'entlik een taal het waarin ons kan sê net wat ons wil.«

Hier luister ons na 'n taal sonder geleerdheid opgesmuk en wat van 'n Afrikanerhart tot 'n Afrikanerhart praat, opgestel in duidelik verstaanbare woorde, gekleed in suiwer Afrikaanse idioome en uitgedruk in kort sinne. Hier is nie na kuns gestreef nie, maar wel na die teruggawe van die taal gebore in die siel van die volk en wat tintel van lewe en krag. Goeie beeldspraak tref die leser altyd — vernaamlik as dit speel op dinge wat dikwels onder sy aandag kom. In hierdie geval is dit die steekse perd wat nie in die voortuig wil pronk nie. Want om droë logiese

redenerings te lees val min in die smaak van 'n volk wat graag van die luimige sy ook iets wil hoor. Dit het die eerste skrywers wel begryp en het daarvan goeie gebruik weet te maak. Hoe grappiger, hoe geestiger 'n stuk geskrywe is, hoe meer lesers sal dit vind — die hoër en fyner humor is aan ryker ervaring verbonde en lê meestal buite die begrip van dié jonger geslag wat Afrikaans die eerste omhels het. Soek maar nie te veel daarvan in die voortbringsels van die eerste skrywers nie — nòg hulle nòg die onbevoorregtes was daarvoor opgelei, dit is iets wat met toenemende jare eers kom. Maar 'n grap, 'n sinspeling, of 'n geestige gesegde vereis nie geleerdheid om dit te vat nie.

Dit skyn die jong beoordelaars maar nie te kan besef nie. Hulle bekyk die gros van die bevolking deur die bril waarmee hulle gestudeer het. Die oorgrote volksmeerderheid het nie al hul kinderjare op skoolbanke deurgebring nie, al hul jongelingsjare in uniwersiteite verslyt nie, en het nie onmiddellik daarna onderwys gaan gee aan gevorderde studente nie. En dis daarom dat daardie onervare krietisie so maklik kan opmerk, dat die eerste skrywers bywonergrappies verkoop het. Het die ou garde so onprakties gehandel om uit staande voet 'n magtige hoë geleerdheid aan die dag te bring, wees dan maar daarvan verseker, dat Afrikaans vandag die teenswoordige stadium nie sou bereik het nie. Die bewys hiervoor is, dat die Twede Taalbeweging in die begin baie rondgeval het tot die S. A. Akademie ingegryp het en die spelling — met geringe uitsonderings — weer teruggebring het soos die Genootskap dit in sy bloeytyd gehad het. Let op die groot ooreenkoms

van die spelling van die twee taalbewegings, en dan weer op die geringe afwykings. En vergeet nie, dat onder die Tweede Beweging taalgeleerdes is wat die fonetiese spelling van die later tydperk van die Genootskap bepleit het as meer doelmatig.

Al die lede van die Genootskap was Bolanders, en ook die vier Hollanders, wat aangesluit het, het hul Afrikaans in die Boland geleer; dus is dit lig te begryp dat die Bolandse spraak die voorkeur in die skryftaal geniet het. So het hulle b.v. na Bolandse uitspraak geskryf: *oek* (vir ook), *baing* (vir baie), wat is dit *met* jou *saam*? (vir wat is dit met jou?), *patats* (vir patattas), *oulap* (vir duwweltjie), *agterlosig* (vir agtelosig), *esel* (vir muil), ens. Tog het die Genootskap — soos reeds aangehaal is — die intervokaliëse *g* van die trans-Gariep behou in sulke woorde as: *wege*, *dage*, *egge*, ens. wat die spraakgebruik is van noordelike Kaapland, Vrystaat, Natal en Transvaal. Soos reeds aangetoon, was dit nie terwille van noordelike invloed nie, maar omdat dit 'n meer praktiese skryfvorm is.

Dit was ook die Genootskap ten laste gelê, dat die skrywers te geleerde woorde op die lippe van die kleurling en Hottentot gelê het. Maar dan vergeet daardie beoordelaars, dat die kleurling en Hottentot onder die bearbeiding van sendelinge is, en die sendelinge gebruik die Bybel om uit te preek, en die Bybel is in die Hollandse taal geskrywe, en die sendeling verklaar aan sy hoorders die betekenis van daardie hoë woord. Nou wie 'n Hottentot ken, weet ook as outa effentjies geswawel is, dat hy daardie hoë woorde uitpak — al gebruik hy hulle op die verkeerde plek soos die Griekwa predikêr dit gedoen

het toe hy sy gehoor as volg aangespreek het:

»Vir julle is daar net twee paaie oop — net twee — die een gaan reguit na die *verdoemenis* en die ander reguit na die *hel!*» Klaarblyklik weet hy nie die verskil tussen *verdoemnis* en *hel* nie.

Dit is nie juis altyd die geval dat die Hottentot noodwendig 'n brabbeltaal moet praat nie; sy eie taal het hy vergeet en Afrikaans is sy aangenome en gebruikte spraak. Met Kaffers is dit anders: hulle besit nog 'n eie taal en leer om Afrikaans te praat, daarom word by hulle — nes by die ou Kaapse Mas-biekers — 'n brabbeltaal aangetref.

Verder word dit beweer dat die ou taalgarde soms 'n taal gebruik het wat in sitkamers liefs nie gehoor moet word nie. Hier sit iets waars in; maar vergelyk asseblief dié taal met wat deur Shakespeare, Byron, Cats en ander gebesig is, dan maak ons eerste skrywers nog 'n beter vertoon — hulle het hul rieme darem nie so ver styfgeloop as die voormelde buitelandse skrywers nie. Die sedelike atmosfeer van die eerste Afrikaanse geskrifte was suiwer; maar kan dit vandag van al die realistiese geskrifte van die moderne Europese skrywers gesê word? Onder die dekmantel van kuns het Zola, Tolstoi en ander die gedagtes van hul lesers met onkruid besaai — en dit kan van die eerste skrywers van Afrikaans nie beweer word nie. Die tyd, die toestande en die gebruike van die tye waarin en waaronder sulke gesegdes gebesig is, moet in ag geneem word. Net soos 'n voël gelok word met die gefluit wat hom die meeste beval, netso moet 'n nie-leser gevang word met die taal wat hy gebruik. En soos ons maar alte goed weet, word in veraf geleë streke — wat die Genoot-

skap wou oorwen het — taamlik vryuit gepraat.

Maar al die Afrikaanse skrywers van die ou dae is nie verantwoordelik vir alles wat in hierdie opsig aan hul bydraes toegevoeg is nie. Op die Patriotkantoor was iemand aan die redaksie verbonde wat nogal van sulke soort grappe gehou het en hy het daar smaak in gevind om sinnetjies, of woorde, in te las wat nooit deur die skrywer daarin gebesig is nie. 'n Paar maal was ek net in tyd om sulke pretmakery te verhinder deur te laat uitkrap wat nie uit my pen gevloei het nie. Van my kant pleit ek egter nie algehele onskuld nie — dit was die gebruik in baie kringe en niemand het destyds daaruit aanstoot geneem nie. Lees ook maar die aller oudste geskrifte van alle nasies en dan sal die leser oortuig word dat die Patriot-skrywers daardie grense nie bereik het nie.

Van die drie, ds. du Toit, Hoogenhout en Oom Lokomotief het eersgenoemde die grootste invloed op die taal van die Genootskap uitgeoefen; maar van watter kant ook bekyk, dit is hierdie drie wat die toon en vorm van die Afrikaanse skryftaal aan-gegee het — al die ander skrywers het hierdie drie voormanne na gevolg.

§ 11 — DIE VERGADERINGS VAN DIE GENOOTSKAP.

Wie dit te beurt geval het om 'n vergadering van die Genootskap by te woon, sou dadelik getref gewees het oor die besadigdheid en kalmte wat

binne die vertrek geheers het. Die eerste verrigting was om die leiding en seën van die albestierende Voorsienigheid af te smeek. En so was ook alle vergaderings met dankgebed gesluit. In die besprekings het niemand getrag om agter 'n geleerde gesig te skuil nie, en die aanmatiging, wat so menigeen in die waan bring as sou hy meer as ander weet, was daar heeltemal gemis; nog minder het iemand probeer om die skone wêreld, wat meegevoel afdwing, met geleerdheid te bederf. Elke spreker was aandagtig aangehoor om daarna met instemming of afkeuring begroet te word. Aan bekwame leiers het dit nie ontbreek nie. Daar was ds. du Toit, die president van die Genootskap, wat 'n groot invloed oor die lede gehad het; daar was Pannevis wat die onderwerp onder bespreking met taalkennis verduidelik het. Oom Lokomotief en Hoogenhout was daar wat as onderwysers baie ervaring gehad het om iets duidelik te maak, ook was die ander daar, wat met die Afrikaanse spreektaal goed vertrouwd was. In die begin, toe die Tweede Taalbeweging nog geen vaste rigting ingeslaan het nie, het dr. W. M. R. Malherbe, redakteur van *Die Brandwag*, hom per brief aldus uitgelaat: »Hoe jammer dat ons nou nie 'n man onder ons het van die kalieber van wyle ds. S. J. du Toit nie. Daar is plek vir so iemand op die oomblik; want al is die strydere baie, die genie ontbreek. Maar ons moet roei met die roeiers wat ons aan boord het.«

Dit het een van die bekwame strydere, 'n B. A. uit die Tweede Taalbeweging, ook erken toe hy per brief as volg geskryf het: »Hoe dit ookal mag wees, dit is waar: die ou Genootskap het tot hulle be-

skikking gehad bekwame leiers soos ds. S. J. du Toit, Oom Lokomotief en mnr. C. P. Hoogenhout, op wie ons nie beslag kan lê nie. Maar dit moet julle weer erken, dat ons bekwamer taalgeleerdes onder ons tel — wat die studie van moderne tale verder nagevors het. Maar praktiese aanpassing is nog nie noodwendig aan geleerdheid verbind nie.»

Wel, dit is hierdie »praktiese aanpassing« wat die leiers van die Genootskap meesterlik verstaan het en die gevolg was, dat die Genootskap hul mikpunt getref het.

Die uiterlike voorkoms van die lede daar in die vergadering sou ook nie by die toevallige besoeker 'n diepe indruk nagelaat het nie. Hy sou dieselfde aanmerking hom laat ontval het: »O, dis die skoolmeestertjies en die Dalse wynboertjies wat hier vergadering hou.« En heellig het hy nog hierby gevoeg: »Waarom bestee julle nie liewers jul kosbare tyd, jul swaar verdiende geld en talente aan iets beters nie as om ons mense nog meer agteruit as vooruit te help?« Wie sou die toevallige besoeker dit kwalik geneem het, want die lede was nederig en het regtig eenvoudig gekleed gegaan.

Die werksaamhede was in die boesem van die vergaderings afgehandel, van kommissies en komitees het hulle min van gehou, of dit moet 'n baie buitenwone geval wees, wat 'n te lange bespreking eis of spesiale ondersoek noodsaaklik ag. Die voordeel hiervan is dat meer opinies oor die saak gehoor en meer informasie ingewen word.

Dat die Genootskap oortuig was dat 'n berg van werk op hul skouers gerus het, moes al die lede sonder ekskusies al drie maande na die gewone ver-

gadering kom, terwyl die Bestuur elke maand byeen moes kom. Het 'n gewone of bestuurslid 'n wettige rede om afwesig te wees, dan moet hy vooraf kennis gee dat hy nie teenwoordig kan wees nie; doen hy dit nie, dan word hy beboet, en by gedurige herhaling word sy naam geskrap.

Geldsorge het die Genootskap baie kommer besorg; in die vergaderings moes hulle net hul hoofde bymekaar sit om die saak van liefde te finansieer. Met ongeveer 50 intekenare op die *Patriot*, teen 5 sielings per intekenaar, het hulle die uitgee daarvan begin. Dit sou hulle £ 12.10 per jaar inbring. Maar hulle het vir propagandawerk 200 eksemplare teen £ 3.5 per maand laat druk. Dit kos per jaar £ 39. Waar is nog posseëls en skryfbenodighede. En tog was daar by die end van die jaar 'n klein bedrag wat deur private bydraers ingevorder was. Die tweede jaar het besigheid toegeneem en het 'n tekort van £ 173.7 veroorsaak. Dit het die lede baie mismoedig gemaak, omdat baie onder die heftige teenstand en min steun gevrees het dat dit jaar na jaar erger sou gaan, die lede was nie bemiddeld nie en dit sou hulle binne 'n kort tyd in geldelike moeilikhede gestort het. Sommige wou die saak laat vaar. Maar dit was Oom Lokomotief wat in die bres getree het, en hy stel voor: »Die Genootskap moet £ 100 bymekaar bring, die intekenare £ 50 en hy (Oom Lokomotief) alleen sal die orige £ 23.7 uit sy sak betaal. Hieraan is voldoen en dit het die Genootskap moed gegee om met wurg en struikel op hul ingeslae weg voort te gaan. Maar sal hulle 'n saak, wat hul soveel kommer en sorg onder die hardste teenstand gekos het opgee? Nee!

Hulle besluit om die koste te verminder, om hulle

korrespondensie nie meer Kaapstad-toe te laat gaan nie, en om dus ander se neuse uit hul sake te hou, om 'n handdrukkers te koop om daarmee hul drukwerk self te verrig. Wat 'n gesukkel was dit om 'n koerant met 'n handdrukkers af te druk! Die intekennare (onder wie daar ryk veeboere was) het besluit om aan die Genootskap 'n snelpers present te gee. In die tyd het die handpers in 'n klein kamertjie gestaan — eers by Gideon Malherbe in sy woonhuis en hy het die lettersetter gehuisves en uit eie sak betaal, toe weer in die agterplaas in 'n buitekamer by ds. du Toit. Maar nou met die snelpers het P. B. de Ville 'n dubbele verdieping op die hoek van Hoof- en Lady-Greysteate gebou waarin die kantoor van die *Patriot* oorgebring is. Ek as landmeter, het ook daarin 'n kamer gehuur. Die besigheid word tot 'n Maatskappy, D. J. du Toit en Ko, bevorder, 'n boekwinkel word geopen en dit het die hoofbrekens van al die lede verminder tot so 'n graad dat die werksaamhede van die Genootskap feitlik hier gestaak het; dit het alles op die bestuur van D. J. du Toit en Ko. afgeloop waarin ds. du Toit, Hoogenhout, D. J. du Toit (oom Lokomotief) en D. J. du Toit (dokter) die hoofrol bly speel het. Nou was die gereelde vergaderings van die Genootskap nie meer die finansiële skrikbeeld nie. Soos ons verder aan sal verneem, was die *Patriot* die vader van die Afrikaner Bond; die blad het die orgaan van die Bond geword en gevolglik het daardie politieke organisasie baie van die geldelike verantwoordelikheid op hulle geneem. So kon die Genootskap van af 1878 — drie jaar ná sy stigting — vryer asem haal. Voor dit so ver gebring is, het dit baie, baie swaarkry en

opofferinge aan die lede van die Genootskap besorg.

Omdat Afrikaans nog as skryftaal verder ontwikkel moes word, en omdat die Genootskap aan sy lede opgedra het om aantekeninge van egte Afrikaanse woorde en uitdrukkings te maak, was die woorde en uitdrukkings — as daar tyd was — in die vergaderings bespreek, wat as 'n reël die geselligste deel van die verrigtings was. Dit is gedoen met die doel om die lede op die hoogte te stel wat van hulle verlang word. Pannevis het 'n besondere voorraad aantekeninge besit en vandag nog bestaan daar boekies vol aantekeninge in sy handskrif.

So het aan alles 'n einde gekom. Die ou dinge is verby gegaan en let: alles is nuut! Die soort werk moes verrig geword het, dit is afgehandel en sal nooit weer nodig wees om oorgedoen te word nie. Dit is uitgevoer met die grootste liefde vir land en volk sonder enige hoop om daar geld uit te maak. Die minste beloning wat hulle kon verwag het, is Erkentlikheid. En dit word hulle deur die miskennis van sommige onpraktiese beoordelaars nie gegun nie. Die ou baanbrekers verlang nie op hul grafte palmkranse met rose deurvleg nie — hul werke, wat hul nagelaat het, is in hul beskouing meer in waarde as enige monument tot hul nagedagte.

§ 12 — DIE GENOOTSKAP EN NEDERLANDS.

Deur die teenstanders van Afrikaans — vernaamlik die kerk — was altyd beweerd dat die Genootskap vyandig teenoor Nederlands gesind was. Dit het hulle natuurlik uit hul duim gesuig en kon dit nie bewys

nie. Herhaaldelik het die redaksie van die *Patriot* die standpunt van die Genootskap oor Nederlands verklaar en o.a. gesê: —

»Ons Genootskap is nie teen die Hollandse taal nie, soos party van ons vyande geseg het; maar ons het die onmo'ontlikheid ingesien om die Hollandse taal in Suid-Afrika te herstel.«

Die bewys van hul bewering het die redaksie gegrond op die poging van dr. Changuion, van Kaapstad, om dit te doen en daarin nie kon slaag nie — hy het dit as 'n hopelose saak moes opgee.

Die Genootskap het ingesien dat, wat die taal betref, Afrikaans die enigste redmiddel van ons volk sal wees, en deur Hollands te steun sou hulle hul doel eerder kon bereik. Die Kerk weer aan die anderkant kon maar nie insien dat die kerktaal sy behoud aan Afrikaans te danke het nie, met geweld het hulle Afrikaans beveg terwyl hulle voor hul oë sien hoe Engels dag na dag die oorhand kry.

Daantjie van den Heever, één van die moedigste kampvegters vir Afrikaans, het saam met A. S. du Plessis en ander in sy distrik Burgersdorp die Boere-Vereeniging van Albert opgerig. Die vereniging het petiesies opgetrek om die Hollandse taal in die parlement te gebruik. Die *Patriot* het die versoekskrif so hard moontlik ondersteun. Die versoek is nie toegestaan nie miskien net om die Hollandsprekende lede, wat nie Engels ken nie, uit die Parlement te hou. Dit was in 1879. In 1880 skrik die Kaapse Sinode wakker en bemoei hul ook met die saak. En begryp jou effentjies, daar was 22 predi-

kante en ouderlinge wat daarop teë was dat Hollands in die parlement gebruik sou word. Al die tyd veg die *Patriot* onvermoeid om Hollands sy regte in die wetgewende vergadering te laat wederveraar. Die meerderheid van die Sinode egter was tengunste van die petiesie, hulle benoem 'n kommissie uit hul lede en kies ds. S. J. du Toit tot lid en sekretaris van die Sinodale kommissie. Hulle het dus goed geweet met wie en watter party hulle te doen gehad het. Ook, sou dit waar wees dat ds. du Toit teen Hollands was, sou hy so 'n benoeming van die hand geslaan het.

In die tyd is 'n Hollandse Vereniging opgerig wat „*Het Zuid Afrikaansche Tydschrift*” tot hul orgaan gehad het. C. P. Hoogenhout het aan die redaksie daarvan deelgeneem. Van die Pêrelse Tak was ds. du Toit die voorsitter en dr. J. Hoffman (een van die lede van die Genootskap) die sekretaris. Verder was die allereerste Taalbond-Eksamen deur die Pêrelse en Wellingtonse Takke afgeneem. Die meeste lede van die Genootskap was ook lede van die Hollandse Vereniging.

As verdere bewys dat die Genootskap Nederlands in Suid-Afrika bevorder het, is, dat hulle tot 1909 nie minder as 93,650 Hollandse boeke teenoor 81,000 Afrikaanse boeke aan die Patriot-Drukkery laat druk het.

Soos reeds opgemerk is, het die Genootskap die bewering »dat ons die hele Nederlandse Woordeskat tot ons beskikking het« nie onvoorwaardelik aangeneem nie. Dit word betoog: dit maak die Hollandse woorderykdom nie armer nie, al sou ons die hele Woordeboek oorneem om ons taal daarmee te verryk.

Die Genootskap het volgehou dat ons Afrikaanse skeppings vir ons begrip verstaanbaarder is. Neem b.v. die Hollandse woord *hefboom* en vergelyk dit met die Afrikaanse woorde *ligterhout* en *stelarm*. Wat is vir die Afrikaanse begrip vatbaarder om die gewig met 'n *boom* op te *hef*, of om dit met 'n *hout* op te *lig*, of om 'n deel van 'n masien met 'n *ysterarm* reg te *stel*? By 'n geleentheid het 'n Hollander 'n windpomp reggemaak en hy beveel sy handlangers: »Om hoog!« en dan weer: »Naar benede!« Hulle kon hom tot sy ergernis nie verstaan nie; maar toe die Afrikaanse baas uitroep: »Tel op!« of »Laat sak!« toe begryp die handlangers gou genoeg wat om te doen. By 'n ander geleentheid berisp iemand 'n Hollander in 'n geselskap van dames oor die gebruik van seker uitroepe en woorde wat in sy taal gangbaar is en hy antwoord: »Ik vind se heel expressief — presies soals je voelt.« Wel, dis hierdie soort Hollandse ekspressiewe woorde en presies soos jy voel wat die Genootskap on-Afrikaans gevind het en was glad nie geneë om dit in ons taal oor te neem nie. En waarom moet ons ons *eie* gepaste woorde nes weeskinders behandel? het die lede geredeneer, terwyl ons voel dat hulle tog ons *eie* kinders is? Waaraan die Genootskap 'n afkeur gehad het, is, om Afrikaans met Hollandse woorde te vermeng en het dit genoem: »Hollands in Afrikaanse woorde«.

§ 13 — DIE GENOOTSKAP IS NOOIT ONTBIND NIE.

Hoeveel dink daaraan dat die Genootskap van Regte Afrikaners nog bestaan? Dit was feitlik nooit ontbind nie. Al vergader die lede nie meer nie, tog kom daar nou en dan 'n stem uit hul nog lewende lede. Twee van die oorspronklike lede, wat die Genootskap op 14 Augustus 1875 gestig het, leef nog nl. ds. August Arbeck (Somerset Wes) en D. P. Malherbe (Daljosaphat, Pêrel), en so ver bekend leef daar ook nog twee van die gewone lede, P. Cillie (Wellington), G. R. von Wielligh (Hendrina).

Ná die *Patriot* in 1904 opgehou het om te verskyn, het die lede baie neerslagtig gevoel oor hul liefingsblad en baie min is van hulle gehoor. Met die politiek wat die ondergang van die *Patriot* bewerkstellig het, kon president Reitz, Oom Lokomotief, Hoogenhout, ek en die oorgroot meerderheid van die lede en intekenare hul nie verenig nie. Die eens bestaande geesdrif waarmee lid en intekenaar besiel was, het plek gemaak vir neerslagtigheid en wanhoop.

Hoe nou, om wat verlore skyn, herstel te kry? Ds. du Toit was deur sy veranderde politiek die oorsaak gewees dat die blad tot val gebring is. Die lede begin toe te beraadslaag om nuwe en jong bloed in die Genootskap op te neem. Maar toe duik etlike moeilikhede op: —

a) Met ds. du Toit wou hulle toe nie meer meewerk nie; maar sonder sy leiding (wat miskien sy opposisie mog veroorsaak) sou dit heel waarskynlik baie moeilik gaan om weer met die taalsaak koers te kry. Die

moed waarmee hulle eers so deurdronge was, het in mismoenigheid oorgeslaan — en sy hulp was so nodig.

b) Dit sou hul werkkragte nie soseer verlam het nie; maar toe die jong bloed, wat die ou lede so begerig was om in hul geledere op te neem, hul so sterk teen die Genootskap uitlaat en alles voor die voet veroordeel, wat tot sover tot stand gebring is, so was van hierdie jongspan geen hulp te wagte nie, want reeds het hulle die taalsaak self aangepak.

c) Die firma D. J. du Toit en Ko. het ds. du Toit bly steun en het hom as redakteur van *Ons Klyntji* permanent aangestel. Hy het dus in besit gebly van die ou setel van die Genootskap waarvoor soveel onder die bitterste teenstand, onder geldelike swaarkry en nog meer, opgeoffer is. Om dit alles weer oor te leef is 'n bietjie bo die alledaagse menslike natuur.

So het die teleurgestelde lede en skrywers doodstil bly sit met 'n gevoel van: Laat kom wat wil. Ds. du Toit bly volhard en spartel nou òp teen die stroom van teenhede. Niks wou hom — sonder sy twee troue medestanders Hoogenhout en Oom Loko — geluk nie.

Middelerwyl begin die jonger geslag, ongeveer gelyktydig in Kaapland, Transvaal, Vrystaat en Natal om taalvereniginge te stig sonder enige notiesie te neem van die ou Genootskap wat Afrikaans so ver opgewerk het. Hierdie onagsaamheid was 'n klap in die gesig van die lede van die ou garde; maar wat fyngemoel oorskrei het, was om die voortbringsels van die Genootskap as minderwaardig en van lae gehalte te verklaar — hulle is nou die voorvegters en die Genootskap niemand nie! Jammer maar dat sulke forse stemme as die van prof. J. J. Smith, dr. T. H.

le Roux, dr. D. J. Malherbe en dr. W. M. R. Malherbe nie eerder daardie stof-opskoppery kon keer nie.

Prof. J. J. Smith het êrens verklaar:

»en dit behoef ons geensins te berowe van die hulp en die raad van die geharde stryders (die Genootskap) wat dou-voor-dag op was om vir ons te werk en aan wie dit te danke is dat die bestaan van 'n Afrikaanse Taalbeweging vandag *moontlik* is.»

Dieselfde gesegde het hy verskeie male met groot erkentlikheid herhaal. Verder het dr. T. H. le Roux, dr. D. J. Malherbe en prof. J. J. Smith in die S. A. Akademiese Woordelys hul paslike Voorrede geopen met die woorde: —

»Na aanleiding van die vordering wat Afrikaans in die laaste jare gemaak het, het een uit die taalgarde hom onlangs op die volgende wyse uitgedruk: dis tog maar waar, die een sal saai en die ander sal maai. So is dit. Hierdie woordelys en hierdie spelreëls is die vrug van die werksaamhede van die taalpioniers, die lede van *Die Genootskap van Regte Afrikaners* opgerig in die Pêrel op 14 Augustus 1875.«

Dr. W. M. R. Malherbe, redakteur van *Die Brandwag*, het aan my in 'n brief geskrywe:

»Dit is tog wonderlik waarheen so 'n klein begin moes gelei het; want sonder daardie begin, wie weet, waar ons vandag moes *gesukkel* het.«

So was daar nog meer uit die jonger geslag wat hul die moeite getroos het om die doel, strewe en mikpunt van die Genootskap te bestudeer, dit te oordink en gevolglik met waardering daarvoor kon skrywe. Maar daar was ook dié wat hul geleerdheid wou lug deur foutsoekery en slegmaak; daarom het hulle in hul groot ywer hul die tyd nie gegun om verdienste raak te sien nie en het net op foute gejag.

Die naam van Gustav G. Preller wens die Genootskap ook in vrindelike herinnering te hou. In die tyd van slegmaak het hy hom waarderend oor die ou garde uitgelaat en hom nie te geleerd geag om vir informasie aan te klop nie.

Al het die jonger geslag getrag hul eie koers in te slaan en die gevoelens van die nog lewende lede te kwes, tog het hul optrede soveel belangstelling in die ou pioniers opgewek dat die ou beproefde stryers die geesdriftige jong geleerdes nooit uit die oog verloor het nie. Een van die ou lede het hom eendag aldus uitgelaat:

»Met toenemende jare word ondervinding gebore en dan eers sal hulle op die regte koers kom. Laat hulle hul nou maar uitspook — dit toon dat daar vuur in hulle brand.«

Om die samewerking van die jonger geslag te verkry, het ds. du Toit hulle uitgenooi in die volgende woorde (Sien Ons Taal, 15 Mei 1907). Die blad praat as kind: —

»Ek fra twé dinge feral: ferskoning fer foute en tekortkominge. Ek is mar 'n kind, wees geduldig met my. Alle nuttige bydrage sal hartelik welkom wees. So jonk en klyn as ek is, wil ek

my graag beskikbaar stel om di land deur te gaan en an andere te gaan fertel, wat an my toefertrou word.

Wat my spelling betref daaro'er wil ek net 'n paar woordjies praat. Fereers: ek is 'n kind en moet mar kyk hoe ander maak.

Nou daar is twé bewegings op di gebiid fan di Afrikaanse taal. Di ou Afrikaanse beweging is reeds ongeveer 32 jaar an di gang en hulle het mettertyd tot 'n koers fan spelling geraak, en dit min of meer fas gestel, en ferder ferklaar en ferdedig in di boeki getiteld *Fergelykende Taalkunde, Afrikaans—Engels*.

Di nuwe Afrikaanse beweging het tot hiertoe nog ni offisieel o'reengekom tot 'n faste spelling ni; di foorstanders daarfan skrywe elkeen naar hy meen dat goed is. Daarom het ek besluit om fer my nou mar te hou an di re'els fan di ou beweging *in di hoop dat spoedig* al di partye op di gebiid sal o'reenstem tot 'n faste koers, sodat ons *almal* eender skrywe.

Natuurlik, ek wil duidelik ferstaan wees, *frinde wat fan my wil gebruik maak, is folkome frygelaat om te skrywe na hulle ferkising* en ek sal elkeen frylaat om syn *eie spelling te volg*. Op hiirdi manier kom daar gedagte-wisseling en is daar kans om te siin welke spelling op di end di beste sal beantwoord.«

Van hierdie uitnodiging het prof. Brümmer, Totius, J. H. H. de Waal en ander 'n paar maal gebruik gemaak om bydraes te stuur.

Wat sonderling afgesteek het by die beskeidenheid

van die lede van die ou Genootskap (wat maar min daarvan gehou het om voor hulle te laat basuin), was die opgewondenheid waarmee die nuwe stryders mekaar in hul geskryfte geprys het; en dit was: o, die groot skrywers! o, die verhewe digters! en o, die grondige studie! Dit het die ou Genootskap 30 jaar (1875—1905) geneem om 'n jong geslag vir die taalstryd voor te berei, dus 10 jaar minder as Jozua om sy jongeslag vir die krygsdiens in die woestyn te oefen voordat hy die sterk vestings van sy vyande kon aanval. In opgewondenheid het ink gevloei aan die kant van die nuwe stryders om Afrikaans op te werk so ver as dit vandag gevorder het. En ons is vandag oortuig dat daar baie is wat uitroep: »Here, vergeef die sonde van my jeug.« Met uitsondering van 'n paar (wat nie omtrent tyd en toestande kon oordeel nie) het die nog lewende lede van die ou Genootskap geen rede om ontevrede te wees nie — die mate van erkenning, wat hulle toekom, word hul nou nie meer misgun nie.

In die begin van die Tweede Taalbeweging het die ou garde stil bly sit, omdat hulle gevoel het dat hulle by die jonger geslag onwelkom was; ook omdat die slegmakery van hul werk deur die geesdriftige nuwe stryders hul baie, baie seer gemaak het, want dit was eie honde, wat byt en nie meer vyande nie. So het die ou voorvegters hul penne (wat totdan ons Moedertaal uit die slyk opgehef het) saggies in hul skryf-laaitjies toegesluit en met hande oormekaar gaan sit om 'n wel verdiende rus te gaan geniet.

Totaal onverskillig was hul nie — dit sou immers teen hul natuur ingedruis het — want waar hul dienste nodig was, was hulle nes 'n kawallerie-perd, as hy

die beuel hoor blaas, al wei hy alleen, dan ruk hy sy kop en ore op en draf voorwaarts om as 't ware in gelid te staan, daar steek hy vas, want hy ken die ruik van die kruitdamp.

Hier het ons dus die redes waarom die ou Genootskap van Regte Afrikaners nie weer, en nooit weer sal vergader nie. Hulle is nie slegter geword om hulle verguis is nie, en ook is hul nie beter geword omdat hul geprys geword is nie. Maar dit het hulle geleer: —

' In die hand van liefde is vergewing; in die hand van medewerking sit krag; en in die hand van broederskap sit eensgesindheid en vriendskap — almal wat die wêreld vir ons so mooi en bekoorlik maak.

§ 14 — DIE FONETIESE SPELLING.

Ds. S. J. du Toit, as president van die Genootskap, het 'n betowerende invloed op die lede en die skrywers uitgeoefen; sy ideaal was altyd 'n streng fonetiese spelling vir Aftikaans. Maar sy plan was om dit in te voer eers wanneer daar duisende lesers was, wat Afrikaans goed en vloeiend kan lees. Intussen het hy die intekenare van die *Patriot* en *Ons Klyntji* daarvoor voorberei, en toe hy dit invoer het dit die goedkeuring van sy broer, Oom Lokomotief, en C. P. Hoogenhout nie weggedra nie — hulle wou hul hou aan die spelling, wat hom met die tyd self ontwikkel het uit geskrifte van die intekenare onder die leiding van die redaksie. Dog ds. du Toit het sy plan deurgedryf teen die sin van die meeste ondersteuners